

Hoofstuk

5

ERASA

Uithourit Vereniging van Suid-Afrika

Spanne

HOOFSTUK 5: SPANNE

REKORD VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 5

ARTIKEL	ONDERWERP	DATUM VAN WYSIGING
5.7.1.5	Aktiewe deelname	April 2011
5.7.7.2.3	Beste twee ritte	April 2011
5.3.5.4	Ontwikkelingspanne – nuwe artikel	6 Nov 2011
5.3.5.4	Aantal lede per span – hernommer na 5.3.5.5	6 Nov 2011
5.3.5.5.1.3	Veteraanspanne – nuwe artikel	6 Nov 2011
5.4.7.1.1	Tydreëlings rakende kies van spanne	6 Nov 2011
5.4.7.1.5	Tydreëlings rakende kies van spanne	6 Nov 2011
5.4.7.1.7	Tydreëlings rakende kies van spanne	6 Nov 2011
5.7.1.4	Tydreëlings rakende kwalifikasie vir kortlys	6 Nov 2011
5.17	Gedragkode	6 Nov 2011
5.17.1	Geskrap	6 Nov 2011
5.17.2	Geskrap	6 Nov 2011
5.17.3	Geskrap	6 Nov 2011
Aanhangsel B	Gedragkode - nuwe aanhangsel	6 Nov 2011
5.4.6	Spanne vir kompetisies buite Suider Afrika	16 Apr 2012
5.4.7	Spanne vir kompetisies in Suider Afrika	16 Apr 2012
5.4.8	Spanne: Fauresmith 200	16 Apr 2012
5.5	Kortlysvoorwaardes: Internasionale kompetisies nie met eie perde	16 Apr 2012
5.6	Kortlysvoorwaardes: Internasionale kompetisies met eie perde buite Suider Afrika	16 Apr 2012
5.7	Kortlysvoorwaardes: Internasionale Kompetisies met eie perde in Suider Afrika	16 Apr 2012
5.8	Kortlysvoorwaardes vir spankompetisies wat saamval met die Fauresmith 200	16 Apr 2012
5.9	Kortlysvoorwaardes: Suid-Afrikaanse Ontwikkelingspanne	16 Apr 2012
5.10	Geskrap	16 Apr 2012
5.11	Hernommer na 5.10	16 Apr 2012
5.12	Hernommer na 5.11	16 Apr 2012
5.13	Hernommer na 5.12	16 Apr 2012
5.14	Hernommer na 5.13	16 Apr 2012
5.15	Hernommer na 5.14	16 Apr 2012
5.16	Hernommer na 5.15	16 Apr 2012
5.17	Hernommer na 5.16	16 Apr 2012
Aanhangsel A	Geskrap	16 Apr 2012
Aanhangsel B	Hernoem na Aanhangsel A	16 Apr 2012
5.7.1.7	Toepaslike ritte	Jul 2012
5.8.1.4	Kwalifiserende ritte vir die kortlys vir die spankompetisie wat saamval met die Fauresmith 200	Jul 2012
5.4.6.1.5	Onderneming om nie perd te verkoop	Nov 2012

5.4.7.1.5	Onderneming om nie perd te verkoop	Nov 2012
5.5.1.1.3	Geskrap	Nov 2012
5.5.1.1.4	Hernommer na 5.5.1.1.3	Nov 2012
5.5.1.1.5	Hernommer na 5.5.1.1.4	Nov 2012
5.5.1.1.6	Hernommer na 5.5.1.1.5	Nov 2012
5.6.1.1.3	Geskrap	Nov 2012
5.6.1.1.4	Hernommer na 5.6.1.1.3	Nov 2012
5.6.1.1.5	Hernommer na 5.6.1.1.4	Nov 2012
5.6.1.1.6	Hernommer na 5.6.1.1.5	Nov 2012
5.4.6.1.1.2	Kortlyskriteria	10 Mei 2013
5.5.1.3	“Elite athletes”	10 Mei 2013
5.11.3	Suid Afrikaanse Nasionale Spandrag	10 Mei 2013
5.13.2	Federasiespandrag	10 Mei 2013
5.15.2	SA Ontwikkelingspandrag	10 Mei 2013
5.8.1.4.3	Kortlysvoorwaardes vir spankompetisies wat saamval met die Fauresmith 200	29 Julie 2016
5.4.7.1.6	Reserwe vervang span lid	2 November 2016
5.4.7.1.1	Span keuse	23 November 2016
5.7.1.4	Kortlyste voorwaardes	23 November 2016
5.7.1.5	Kortlyste voorwaardes	15 Januarie 2017
5.7.1.4	Kortlyste voorwaardes	15 Januarie 2017
5.7.14.5	Kortlyste voorwaardes	15 Januarie 2017
5.3.5.5.1.1	Senior Standaardgewigspanne – Nasionale ritte	22 Oktober 2018
Bylae 1 3.1	Te wysig deur in die eerste sin die woord “rondwet” met “Grondwet”	30 Julie 2019

5. SPANNE

Aanhangsel A: Gedragskode

- 5.1 Woordbepaling
- 5.2 Spanbestuur
- 5.3 Algemene aspekte rakende spankompetiesies
- 5.4 Keuring van Suid Afrikaanse Nasionale Spanne, Federasiepanne en Suid Afrikaanse Ontwikkelingspanne
- 5.5 Kortlysvoorwaardes: Internasionale kompetisies waar nie met eie perde deelgeneem word nie
- 5.6 Kortlysvoorwaardes: Internasionale kompetisies met eie perde buite Suider Afrika
- 5.7 Kortlysvoorwaardes: Internasionale kompetisies met eie perde in Suider Afrika
- 5.8 Kortlysvoorwaardes vir spankompetiesies wat saamval met die Fauresmith 200
- 5.9 Kortlysvoorwaardes: Suid Afrikaanse Ontwikkelingspanne
- 5.10 Toekenning en dra van SA Nasionale Kleure
- 5.11 Suid Afrikaanse Nasionale Spankleredrag
- 5.12 Toekenning en dra van Federasiekleure
- 5.13 Federasiespandrag
- 5.14 Toekenning en dra van Suid Afrikaanse Ontwikkelingspankleure
- 5.15 Suid Afrikaanse Ontwikkelingspankleredrag
- 5.16 Gedragskode

5.1 WOORDBEPALING. By die uitleg van hierdie reëls dra elke woord of uitdrukking die betekenis soos hieronder uiteengesit, tensy dit uit die sinsverband of samehang van woorde blyk dat die betrokke woord of uitdrukking 'n ander betekenis dra. Die betekenis van woorde soos omskryf in die Grondwet en ander hoofstukke van die reëlboek van ERASA is ook op hierdie hoofstuk van toepassing, tensy dit uit die sinsverband of samehang van woorde blyk dat die betrokke woord of uitdrukking 'n ander betekenis dra. Woorde wat die enkelvoud aandui kan ook die meervoud beteken en manlike terme kan ook vroulike terme beteken, na gelang van die verband waarin dit gebruik word.

- 5.1.1 **Federasiespanne.** Spanne gekies deur die Nasionale Keurkomitee as verteenwoordigende Suid Afrikaanse spanne vir deelname aan internasionale kompetisies waar die kompetisie nie aan die kriteria soos bepaal deur die Suid-Afrikaans Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASCOC) vir die toekenning van Suid-Afrikaanse nasionale kleure voldoen nie. Federasiekleure word aan lede van hierdie spanne toegeken.
- 5.1.2 **Suid Afrikaanse Nasionale Spanne.** Spanne gekies deur die Nasionale Keurkomitee as verteenwoordigende Suid Afrikaanse spanne vir deelname aan internasionale kompetisies waar die kompetisie aan die kriteria soos bepaal deur die Suid-Afrikaans Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASCOC) vir die toekenning van Suid-Afrikaanse nasionale kleure voldoen, en SA Nasionale Kleure word dan ook aan lede van hierdie spanne toegeken.
- 5.1.3 **Suid Afrikaanse Ontwikkelingspanne.** Spanne gekies deur die Nasionale Keurkomitee as verteenwoordigende Suid Afrikaanse spanne vir deelname aan internasionale kompetisies, en waar die spanlede voldoen aan die vereistes vir ontwikkelingsruiters soos neergelê in die reëls van die Vereniging. Ontwikkelingskleure word aan lede van hierdie spanne toegeken.
- 5.1.4 **Spangroep.** Die finale groep ruiters wat deur die keurkomitee gekies word om Suid Afrika / ERASA by 'n bepaalde kompetisie te verteenwoordig. Die groep bestaan uit die aantal ruiters waaruit die finale span sal bestaan, plus twee.

5.2 SPANBESTUUR

5.2.1 Die spanbestuur van 'n span bestaan uit die spanbestuurder, die spanveearts en soms 'n afrigter.

5.2.2 Spanbestuurders

5.2.2.1 Die Raad bepaal vir watter byeenkomste SA Nasionale – en/of SA Ontwikkeling-spanne en/of Federasiespanne ingeskryf sal word.

5.2.2.2 'n Spanbestuurder sal altyd aangestel word, maar die Raad kan bepaal of daar vir elke span 'n aparte spanbestuurder, of vir 'n spesifieke byeenkoms een spanbestuurder (wat dan sal omsien na al die spanne wat aan die betrokke byeenkoms gaan deelneem) aangestel word.

5.2.2.3 Dieselfde spanbestuurder(s) kan vir opeenvolgende byeenkomste of vir byeenkomste wat oor 'n spesifieke periode plaasvind, aangestel word. Spanbestuurders dien vanaf die datum van aanstelling totdat die betrokke byeenkoms(te)/periode waarvoor hulle aangestel is, afgehandel/verstreke is.

5.2.2.4 Spanbestuurders van Suid Afrikaanse spanne wat aan kompetisies in lande wat deel vorm van die Federation Equestre Internationale (FEI) se Groep 9 deelneem, rapporteer aan die Raad, terwyl spanbestuurders van spanne wat buite hierdie lande deelneem aan die Internasionale Komitee van die Raad rapporteer.

5.2.2.5 Die spanbestuurders moet oorhoofs:

5.2.2.5.1 Alle aspekte rakende die deelname van die betrokke span(ne) aan internasionale kompetisies koördineer;

5.2.2.5.2 Spanlede te alle tye op hoogte hou van alle aspekte rakende die spesifieke kompetisie waaraan deelgeneem gaan word;

5.2.2.5.3 Reis- en verblyfreëlings koördineer;

5.2.2.5.4 Dissipline tydens kompetisies handhaaf; en

5.2.2.5.5 Optree as skakelpersoon tussen die span en die organiseerders van die betrokke kompetisie.

5.2.3 Spanveeartse

5.2.3.1 Die aanstelling van spanveeartse geskied via die Veterinêre Uithouritbelangegroep, wie die veearts(e) aanwys vir bekragtiging deur die Raad.

5.2.3.2 Die Raad besluit oor hoeveel spanveeartse vir 'n spesifieke byeenkoms aangestel word. Spanveeartse dien vanaf die datum van aanstelling totdat die betrokke byeenkoms waarvoor hulle aangestel is, afgehandel is.

5.2.3.3 Spanveeartse van Suid Afrikaanse spanne wat aan kompetisies in lande wat deel vorm van die Federation Equestre Internationale (FEI) se Groep 9 deelneem, rapporteer aan die Raad,

terwyl spanveertse van spanne wat buite hierdie lande deelneem aan die Internasionale Komitee van die Raad rapporteer.

5.2.3.4 Die spanveerts moet oorhoofs alle veteriniere aspekte rakende die betrokke span(ne) se deelname aan die spesifieke internasionale byeenkoms koördineer.

5.2.4 Afrigters

5.2.4.1 Die Raad bepaal of daar vir 'n betrokke span en/of byeenkoms 'n afrigter aangestel sal word.

5.2.4.2 Dieselfde afrigter kan vir opeenvolgende byeenkomste of vir byeenkomste wat oor 'n spesifieke periode plaasvind, aangestel word. 'n Afrigter dien vanaf die datum van aanstelling totdat die betrokke byeenkoms(te) of periode waarvoor hy aangestel is, afgehandel/verstreke is.

5.2.4.3 Afrigters van Suid Afrikaanse spanne wat aan kompetisies in lande wat deel vorm van die Federation Equestre Internationale (FEI) se Groep 9 deelneem, rapporteer aan die Raad, terwyl afrigters van spanne wat buite hierdie lande deelneem aan die Internasionale Komitee van die Raad rapporteer.

5.2.4.4 Die afrigter:

5.2.4.4.1 Doen die strategiese beplanning vir die betrokke span(ne) se deelname aan die spesifieke internasionale byeenkoms (in samewerking met die betrokke spanbestuurder);

5.2.4.4.2 sien tydens die byeenkoms toe dat die beplanning uitgevoer en, indien omstandighede dit vereis, aangepas word; en

5.2.4.4.3 staan die spanbestuurder by m.b.t. beplanning vir en aktiwiteite tydens oefenkampe.

5.3 **ALGEMENE ASPEKTE RAKENDE SPANKOMPETISIES**

5.3.1 Spankometisies word slegs op Provinsie, nasionale en internasionale vlak aangebied.

5.3.2 Ruiters kan nie by dieselfde byeenkoms meer as een span (bv. 'n Provinsie en 'n Federasiespan, of 'n Provinsie en 'n Nasionale Span) verteenwoordig nie. Hierdie geld vir die hele spangroep wat gekies is om Suid Afrika te verteenwoordig.

5.3.3 Ruiters mag ook slegs die klub waar hy/sy lid is en die Provinsie by wie die betrokke klub geaffilieer is, in kompetisies verteenwoordig.

5.3.4 Klubspanne. Reelings rakende kompetisies tussen klubspanne op Provinsie vlak word bepaal deur die betrokke Provinsie wat die kompetisie aanbied.

5.3.5 Provinsie spanne

5.3.5.1 Kompetisies tussen Provinsiespanne op nasionale vlak moet vooraf deur die Raad goedgekeur word.

5.3.5.2 Aparte kompetisies mag vir junior/jong ruiter, senior standaardgewig, senior swaargewig, senior liggewig en veteraanspanne gereël word (die organiseerders van die betrokke rit bepaal vir watter tipes spankompetisies daar voorsiening gemaak sal word).

5.3.5.3 Indien 'n Provinsie nie oor voldoende ruiters beskik om 'n span vir elke senior kategorie in te skryf nie, mag die Provinsie 'n gemengde seniorspan inskryf. Hierdie span sal deelneem in die kategorie waarin die ligste ruiter wat vir die span deelneem, ingeskryf is (m.a.w. as daar een liggewigruiter in die span is, neem die span teen spanne in die liggewigkategorie deel).

5.3.5.4 Provinsies kan ook ontwikkelingspanne vir kompetisies inskryf. Ruiters wat vir hierdie spanne gekies word mag nog nie voorheen nasionale, federasie of provinsiale kleure verwerf het nie.

5.3.5.5 Aantal lede per span

5.3.5.5.1 By nasionale kampioenskappe bestaan Provinsies se:

5.3.5.5.1.1 Senior standaardgewigspanne uit **VYF (5) ruiters**, en word die uitslag van die spankompetisie bepaal op grond van die gekombineerde rytyd van die beste (vinnigste) **DRIE (3) ruiters** in die span.

5.3.5.5.1.2 Senior swaargewigspanne, senior liggewigspanne en junior/ jong ruiter uit vyf (5) ruiters, en word die uitslag van die spankompetisie bepaal op grond van die gekombineerde rytyd van die beste (vinnigste) drie ruiters in 'n span.

5.3.5.5.1.3 Veteraanspanne uit vyf (5) ruiters en word die uitslag van die spankompetisie bepaal op grond van die gekombineerde rytyd van die beste (vinnigste) drie ruiters in 'n span. Veteraanspanne word oor gewigsgrense gekies en daar is geen beperking op die aantal lede per gewigskategorie wat in 'n span ingesluit word nie.

5.3.5.5.2 Vir ander spankompetisies (anders dan nasionale kampioenskappe) word die aantal lede per span aan die diskresie van die ritkomitee oorgelaat. Dit word aanbeveel dat daar sover moontlik by die reëlings soos in artikel 5.3.5.5.1 hierbo gehou word.

5.3.6 Suid Afrikaanse Spanne

5.3.6.1 Die besluit of daar spanne gekies sal word om Suid Afrika by 'n spesifieke kompetisie en in 'n spesifieke ouderdomskategorie te verteenwoordig, berus by die Raad.

5.3.6.2 Suid Afrikaanse spanne sluit in:

5.3.6.2.1 Suid Afrikaanse Nasionale Spanne wat gekies word om Suid Afrika te verteenwoordig by erkende internasionale kompetisies wat aan die vereistes soos neergelê in die SA Nasionale Kleure-regulasies voldoen.

5.3.6.2.2 Federasiespanne, ook na verwys as ERASA Spanne, word gekies:

- 5.3.6.2.2.1 Om Suid Afrika te verteenwoordig by 'n erkende internasionale kompetisie wat nie aan die vereistes soos neergelê in die SA Nasionale Kleureregulasies voldoen nie.
- 5.3.6.2.2.2 Wanneer daar nie gelyktydig met enige SA Nasionale Kampioenskapsbyeenkoms 'n internasionale kompetisie aangebied word nie, kan Federasiespanne gekies word om as inter- Provinsiespanne teen ander Provinsiespanne deel te neem.
- 5.3.6.2.3 Suid Afrikaanse Ontwikkelingspanne, wat gekies word om ontwikkeling in die uithouritsport te bevorder. Hierdie hoef nie noodwendig aan 'n erkende nternasionale kompetisie deel te neem nie; die besluit tot deelname lê by die Raad.
- 5.3.6.3 'n Erkende internasionale kompetisie is 'n kompetisie soos goedgekeur deur die Raad, binne die volgende riglyne:
 - 5.3.6.3.1 Die kompetisie moet as internasionale kompetisie bekendgestel of adverteer word.
 - 5.3.6.3.2 Daar moet 'n amptelike uitnodiging wees aan lande om teen mekaar te kompeteer in spanverband. Hierdie uitnodiging kan of deur Suid Afrika aan ander lande (vir kompetisies binne Suid Afrika) of deur ander lande aan Suid Afrika gerig word (vir kompetisies buite Suid Afrika).
 - 5.3.6.3.3 Ten minste een ander land (anders dan die gasheerland) moet die uitnodiging aanvaar.
- 5.3.6.4 Die samestelling van SA Nasionale Spanne, Federasiespanne en SA Ontwikkelingspanne word bepaal op grond van die reëls van die betrokke kompetisie waaraan deelgeneem gaan word. Dit geld vir beide die aantal lede van die span, sowel as die ouderdom- en gewigskategorie van die ruiters.

5.4 KEURING VAN SUID AFRIKAANSE NASIONALE SPANNE, FEDERASIESPANNE EN SUID AFRIKAANSE ONTWIKKELINGSPANNE

5.4.1 Nasionale Keurkomitee

- 5.4.1.1 Die nasionale keurkomitee (soos neergelê in die Grondwet) behartig die keuring van alle SA Nasionale-, Federasie- en SA Ontwikkelingspanne.
- 5.4.1.2 Indien gesin- of familielede van komiteelede in aanmerking kom vir 'n nasionale -, federale of ontwikkelingspan moet so 'n lid hom/haar aan die komitee onttrek.

- 5.4.2 Keuring van ruiters en/of ruiters/perdkombinasies vind plaas gegrond op die beginsel dat die beste ruiters en/of ruiters/perdkombinasies vir die spesifieke kompetisie (met inagneming van die omstandighede en vereistes van die spesifieke kompetisie) vir die span gekies word, sodat die beste moontlike span saamgestel word om Suid Afrika te verteenwoordig.

5.4.3 Slegs ruiters en/of ruiter/perdkombinasies wat aan die voorwaardes vir insluiting op die kortlys vir die spesifieke kompetisie voldoen mag in aanmerking geneem word by die keuring van SA Nasionale-, Federasie- en SA Ontwikkelingspanne.

5.4.4 Oefenkampe

5.4.4.1 Waar die Raad en/of die Internasionale Komitee van die Raad dit nodig ag:

5.4.4.1.1 Kan oefenkampe vir ruiters en perde wat die kortlys vir 'n bepaalde span haal, gereël word, om so aan die keurkomitee addisionele inligting beskikbaar te stel met die oog op die kies van die finale spangroep.

5.4.4.1.2 Die Raad moet vir so 'n oefenkamp 'n oorhoofse koördineerder aanstel, wat verantwoordelik sal wees om al die reëlings te tref en om, saam met die spanbestuurders, 'n program vir die oefenkamp op te stel.

5.4.4.2 Soortgelyke oefenkampe kan ook deur die spanbestuur gereël word nadat die finale spangroep aangewys is, om die spangroep voor te berei vir die bepaalde kompetisie.

5.4.5 Ruiters kan versoek word om aan spesifieke ritte deel te neem waar lede van die keurkomitee dan spesifiek na die ruiter se ritstrategie en deelname kan kyk

5.4.6 Prosedures by die kies van Suid Afrikaanse Spanne vir deelname aan kompetisies buite Suide Afrika.

5.4.6.1 Die volgende prosedures geld vir die kies van SA Nasionale spanne wat gaan deelneem aan hoëvlakkompetisies (soos bv. wêreldkampioenskappe):

5.4.6.1.1 Die Raad moet minstens twee jaar vooraf, op aanbeveling van die Internasionale Komitee.

5.4.6.1.1.1 Bevestig dat 'n SA Nasionale Span wel aan die betrokke kompetisie sal deelneem.

5.4.6.1.1.2 Die kortlysvoorwaardes finaliseer aan die hand van die vereistes in Artikel 5.5 hieronder en die spesifieke kwalifiseringsvereistes vir die betrokke kompetisie. Indien spesifieke kwalifiserings-vereistes nog nie bekend is nie, sal die vereistes soos neergelê in die Uithourtreëls van die FEI voorlopig toegepas word. Sodra spesifieke vereistes (indien enige) bekend is, moet die kortlysvoorwaardes dienooreenkomstig opgedateer word

5.4.6.1.1.3 'n Sperdatum vasstel waarteen ruiters aan die kortlysvoorwaardes moet voldoen. Hierdie sperdatum sal nege maande voor die datum van die betrokke kompetisie wees.

5.4.6.1.2 Die Internasionale Komitee (deur die Algemene Bestuurder) stel tersaaklike dokumentasie (insluitend 'n inligtingstuk rakende die kompetisie, kwalifiseringsvereistes, nominasievorms) op en versprei dit aan alle lede van die ERASA (vir doeleindes hiervan sal verspreiding na alle

klubsekretarisse beskou word as verspreiding na alle lede). Hierdie dokumentasie moet klubsekretarisse nie later as twintig maande voor die kompetisie bereik nie. Die dokumentasie moet ook herversprei word telkens wanneer dit (op grond van inligting vanaf die FEI ontvang) opgedateer word. 'n Opedateerde weergawe van die dokumentasie moet ook deurlopend op die ERASA webblad beskikbaar wees.

- 5.4.6.1.3 Die Internasionale Komitee, in samewerking met die Algemene Bestuurder en die betrokke Spanbestuurder) moet alle tersaaklike inligting verwerk onmiddellik na verstryking van die sperdatum soos deur die Raad vasgestel, en 'n kortlys opstel (alle ruiters of ruiters/perdkombinasies wat aan die neergelegde kortlysvoorwaardes voldoen moet op hierdie lys ingesluit word).
- 5.4.6.1.4 Die kortlys moet nie later as tien dae na die sperdatum na alle Provinsies versprei word. Provinsiebesture moet binne sewe dae:
- Die inligting verifieer. Waar ruiters weggelaat is, moet Provinsiebesture die name van die ruiters (met gepaardgaande stawende dokumentasie) by die Internasionale Komitee indien sodat die kortlys opgedateer kan word.
 - Vasstel of die betrokke ruiters of ruiters/perdkombinasies beskikbaar is vir die betrokke kompetisie en, indien nie, die Internasionale Komitee dienoreenkomstig inlig.
- 5.4.6.1.5 Die Internasionale Komitee moet 'n vraelys opstel waarin addisionele inligting vanaf ruiters op die kortlys aangevra word.
- Die volgende faktore kan in hierdie vraelys gedek word (die Internasionale Komitee kan na goeddunke van hierdie faktore weglaat en ander byvoeg):
 - Tydperk (in maande) wat die ruiters en die perde, indien met eie perde deelgeneem gaan word (elkeen afsonderlik) reeds aan uithouritte deelneem.
 - Afstand (kilometer) wat die ruiters en perde, indien met eie perde deelgeneem gaan word (elkeen afsonderlik) reeds in uithouritte voltooi het.
 - Massa van die ruiters (met saal).
 - Aantal kere wat die ruiters al vir 'n Provinsiespan, sowel as vir 'n SA gekies was.
 - Aantal bes-voorbereide perdtoekennings wat al aan die ruiters (met enige perde) toegeken was.
 - Aantal ritte oor ongeveer dieselfde afstand wat die ruiters en die perde, indien met eie perde deelgeneem gaan word (elkeen afsonderlik) al:
 - Suksesvol voltooi het;
 - Nie voltooi het nie (ongeag die rede);
 - Gewen het;
 - Onder die top vyf ruiters in sy kategorie klaargemaak het.

span

- Detail rakende ritte oor ongeveer dieselfde afstand waar die perd, waarmee die ruiter op die kortlys is, uitgeval het gedurende die laaste twaalf (12) tot agttien (18) maande (indien met eie perde deelgeneem gaan word).
- Inligting rakende die ruiter en perd, indien met eie perde deelgeneem gaan word (elkeen afsonderlik) se CEI 1*, 2* of 3* ritte (soos van toepassing).
- Indien met eie perde deelgeneem gaan word, moet ruiters op die vraelys aandui of hy/sy met sy/haar perd beskikbaar is om vir die span gekies te word, en onderneem om, indien hy/sy vir die span gekies word, nie sy/haar perd te verkoop voordat die betrokke kompetisie afgehandel is nie. Ruiters (en voog, waar van toepassing) moet hierdie onderneming onderteken.
- Die vraelys moet nie later as drie weke na die sperdatum via die betrokke Provinsiebesture na alle ruiters wat op die kortlys is en wat wel beskikbaar is vir die betrokke kompetisie versprei word, en moet dan binne sewe dae deur die ruiters voltooi en via die betrokke Provinsiebesture by die Internasionale Komitee ingedien word. Provinsiebesture moet toesien dat al die ruiters op die kortlys (wat lede van die betrokke Provinsie is) die vraelys voltooi.
- Die Internasionale Komitee moet ook inligting rakende alle ritte waaraan elke ruiter en perd (elkeen afsonderlik) wat op die kortlys is gedurende die laaste vier-en-twintig (24) maande deelgeneem het vanaf die ERASA uitslaedatabasis bekom.
- Die Internasionale Komitee moet alle tersaaklike inligting (vraelyste en statistiek) oorweeg en op grond daarvan 'n aanbeveling rakende die kies van die span(ne) aan die Keurkomitee maak. Die aanbeveling moet in die vorm van 'n naamlys wees waarop die ruiters of ruiter/perdkombinasies in voorkeurvorgorde geplaas word. Slegs die top twaalf ruiters of ruiter/perdkombinasies word op hierdie lys ingesluit. Tydens die Internasionale Komitee se gesprek kan die volgende faktore ook in aanmerking geneem word (vanaf artikel 5.10):
- Ruiter en perd, indien met eie perde deelgeneem word, se posisie op die nasionale (ERASA) en internasionale (FEI) ranglys.
- Die werklike spoed waarteen die ruiter of ruiter/perdkombinasie (indien met eie perde deelgeneem gaan word) ritte oor dieselfde/soortgelyke afstand voltooi het.
- Ervaring van die ruiter in kompetisies op dieselfde vlak (bv. Wêreldkampioenskappe) as die kompetisie waarvoor die span gekies word.
- Die aantal verskillende perde waarmee die ruiter al aan uithouritte deelgeneem het.
- Sportmanskap en gedrag van die ruiter voor, tydens en na ritte. Hier kan slegs na aspekte gekyk word waarvoor stawende dokumente bestaan (soos, maar nie beperk tot, spanbestuurdersverslae, notules van dissiplinêre verhore waar die betrokke ruiter skuldig bevind is en verslae oor vorige oortredings van die gedragskode soos by hierdie hoofstuk aangeheg).

- Hierdie aanbeveling, tesame met al die tersaaklike dokumente, moet nie later as sewe-en-'n-half maande voor die datum van die betrokke kompetisie aan die lede van die Keurkomitee versprei word, en alle keurders moet die dokumentasie deeglik bestudeer.
- 5.4.6.1.6 'n Vergadering van die Keurkomitee word binne vier dae nadat die dokumente versprei is belê, waartydens die ruiters en perde in detail bespreek word en die finale spangroep saamgestel word. Die Keurkomitee sal ook, aanvullend tot die spangroep, twee ruiters of ruiters/perdkombinasies aanwys (in rangorde) wat, sou van die ruiters wat deel van die spangroep uitmaak om een of ander rede moet onttrek, die betrokke ruiters se plekke sal inneem. Tydens hierdie gesprek sal die Internasionale Komitee se aanbeveling as riglyn dien. Indien ruiters/perdkombinasies gekies word, en indien 'n ruiters en/of perd om een of ander rede later nie meer beskikbaar is nie, word die kombinasie van die span onttrek en neem die volgende ruiters/perdkombinasie die plek in
- 5.4.6.1.7 Die spangroep word minstens sewe maande voor die datum van die betrokke kompetisie aangekondig.
- 5.4.6.1.8 Die finale span word op die terrein van die kompetisie aangewys deur die spanbestuur op 'n tyd soos in die reëls van die bepaalde kompetisie neergelê.
- 5.4.6.2 Met betrekking tot ander internasionale kompetisies buite Suider Afrika (anders dan hoëvlakkompetisies) word dieselfde beginsels soos in artikel 5.4.6.1 (met al die sub-artikels) toegepas, en moet die Raad so beplan dat:
 - 5.4.6.2.1 Die finale kortlys (m.a.w. die lys waaruit die span saamgestel sal word) minstens vier maande vooraf beskikbaar gestel kan word; en
 - 5.4.6.2.2 Die finale spangroep minstens drie maande vooraf aangekondig sal word.
- 5.4.6.3 Indien 'n SA Ontwikkelingsspan vir hoëvlakkompetisies buite Suider Afrika gekies word, geld dieselfde prosedure soos hierbo, met dien verstande dat die Ontwikkelingskomitee die rol vervul wat hierbo aan die Internasionale Komitee toegesê is.
- 5.4.7 Prosedures by die kies van Suid Afrikaanse Spanne vir deelname aan kompetisies in Suider Afrika.
 - 5.4.7.1 Die volgende prosedures geld vir die kies van Suid Afrikaanse spanne wat gaan deelneem aan internasionale kompetisies in Suider Afrika:
 - 5.4.7.1.1 Om vir die span in ag geneem te word moet ruiters teen 'n datum soos deur die Raad bepaal (**maar nie langer as 60 dae (sestig dae)**) voor die datum van die betrokke kompetisie) aan die kortlysvoorwaardes soos elders in hierdie hoofstuk uiteengesit voldoen. Kwalifisering vir die kortlys vir die span wat in die daaropvolgende jaar gekies gaan word, begin op die afsnydatum vir die kortlys vir die huidige jaar se span.
 - 5.4.7.1.2 Die Algemene Bestuurder stel alle lede van die ERASA in kennis van hierdie sperdatum deur dit op die betrokke jaar se ritkalender aan te dui.

- 5.4.7.1.3 Die Advieskomitee, in samewerking met die Algemene Bestuurder en die betrokke spanbestuurder(s), moet alle tersaaklike inligting verwerk onmiddellik na verstryking van die sperdatum en 'n kortlys opstel (alle ruiters of ruiters/perdkombinasies wat aan die neergelegde kortlysvoorwaardes voldoen moet op hierdie lys ingesluit word).
- 5.4.7.1.4 Die kortlys moet nie later as tien dae na die sperdatum na alle Provinsies versprei word. Provinsiebesture moet binne sewe dae:
- Die inligting verifieer. Waar ruiters weggelaat is, moet Provinsiebesture die name van die ruiters (met gepeperde stowende dokumentasie) by die Advieskomitee indien sodat die kortlys opgedateer kan word.
 - Vastel of die betrokke ruiters/perdkombinasies beskikbaar is vir die betrokke kompetisie en, indien nie, die Advieskomitee dienoreenkomstig inlig.
- 5.4.7.1.5 Die Advieskomitee moet 'n vraelys opstel waarin addisionele inligting vanaf ruiters op die kortlys aangevra word.
- Die volgende faktore kan in hierdie vraelys gedek word (die Advieskomitee kan na goedgevonden van hierdie faktore weglaat en ander byvoeg):
 - Tydperk (in maande) wat die ruiters en die perd (elkeen afsonderlik) reeds aan uithouritte deelneem.
 - Afstand (kilometer) wat die ruiters en perd (elkeen afsonderlik) reeds in uithouritte voltooi het.
 - Massa van die ruiters (met saal).
 - Aantal kere wat die ruiters al vir 'n Provinsiespan, sowel as vir 'n SA span gekies was.
 - Aantal bes-voorbereide perdtoekenings wat al aan die ruiters (met enige perd) toegeken was.
 - Aantal ritte oor ongeveer dieselfde afstand wat die ruiters en die perd (elkeen afsonderlik) al:
 - Suksesvol voltooi het;
 - Nie voltooi het nie (ongegag die rede);
 - Gewen het;
 - Onder die top vyf ruiters in sy kategorie klaargemaak het.
 - Detail rakende ritte oor ongeveer dieselfde afstand waar die perd, waarmee die ruiters op die kortlys is, uitgeval het gedurende die laaste twaalf (12) tot agttien (18) maande.
 - Inligting rakende die ruiters en perd (elkeen afsonderlik) se CEI 1*, 2* of 3* ritte (soos van toepassing)
 - Ruiters moet op die vraelys aandui of hy/sy met sy/haar perd beskikbaar is om vir die span gekies te word, en moet onderneem om, indien hy/sy vir die span gekies word, nie sy/haar perd te verkoop voordat die betrokke kompetisie afgehandel is nie. Ruiters (en voog, waar van toepassing) moet hierdie onderneming onderteken.

- Die vraelys moet nie later as 7 dae (sewe dae) na die sperdatum via die betrokke Provinsiebesture na alle ruiters wat op die kortlys is en wat wel beskikbaar is vir die betrokke kompetisie versprei word, en moet dan binne sewe dae deur die ruiters voltooi en via die betrokke Provinsiebesture by die Advieskomitee ingedien word. Provinsiebesture moet toesien dat al die ruiters op die kortlys (wat lede van die betrokke Provinsie is) die vraelys voltooi.
- Die Advieskomitee moet ook inligting rakende alle ritte waaraan elke ruiter en perd (elkeen afsonderlik) wat op die kortlys is gedurende die laaste vier-en-twintig (24) maande deelgeneem het vanaf die ERASA uitslaedatabasis bekom.
- Die Advieskomitee moet alle tersaaklike inligting (vraelyste en statistiek) oorweeg en op grond daarvan 'n aanbeveling rakende die kies van die span(ne) aan die Keurkomitee maak. Die aanbeveling moet in die vorm van 'n naamlys wees waarop ruiter/perdkombinasies in voorkeurvulgorde geplaas word. Slegs die top twaalf ruiter/perdkombinasies word op hierdie lys ingesluit. Tydens die Advieskomitee se gesprek kan die volgende faktore ook in aanmerking geneem word:
 - Ruiter en perd se posisie op die nasionale (ERASA) en internasionale (FEI) ranglys.
 - Die werklike spoed waarteen die ruiter/perdkombinasie ritte oor dieselfde/soortgelyke afstand voltooi het.
 - Ervaring van die ruiter in kompetisies op dieselfde vlak (bv. Suider Afrika kompetisies) as die kompetisie waarvoor die span gekies word.
 - Ervaring van die ruiter in kompetisies oor dieselfde baan (of soortgelyke terrein) as die kompetisie waarvoor die span gekies word.
 - Die aantal verskillende perde waarmee die ruiter al aan uithouritte deelgeneem het.
 - Sportmanskap en gedrag van die ruiter voor, tydens en na ritte. Hier kan slegs na aspekte gekyk word waarvoor stawende dokumente bestaan (soos, maar nie beperk tot, spanbestuurdersverslae, notules van dissiplinêre verhore waar die betrokke ruiter skuldig bevind is en verslae oor vorige oortredings van die gedragskode soos by hierdie hoofstuk aangeheg).
- Hierdie aanbeveling, tesame met al die tersaaklike dokumente, moet nie later as sewe weke voor die datum van die betrokke kompetisie aan die lede van die Keurkomitee versprei word, en alle keurders moet die dokumentasie deeglik bestudeer.

5.4.7.1.6 'n Vergadering van die Keurkomitee word binne vier dae nadat die dokumente versprei is belê, waartydens die ruiters en perde in detail bespreek word en die finale spangroep saamgestel word. Die Keurkomitee sal ook, aanvullend tot die spangroep, twee ruiter/perdkombinasies aanwys (in rangorde) wat, indien een van die ruiter/perdkombinasies wat deel van die spangroep uitmaak om een of ander rede moet onttrek, die betrokke ruiters se plekke sal inneem. Tydens hierdie gesprek sal die

Advieskomitee se aanbeveling as riglyn dien. Ruiter/perdkombinasies word gekies; indien 'n ruiter en/of perd om een of ander rede later nie meer beskikbaar is nie (vir enige rede), word die kombinasie van die span onttrek en neem die volgende ruiter/perdkombinasie die plek in. So 'n ruiter kan net tot 30 minute voor die ruiter se wegspring tyd vervang word.

- 5.4.7.1.7 Die spangroep word so gou moontlik na die keurkomiteevergadering a angekondig.
- 5.4.7.1.8 Die finale span word op die terrein van die kompetisie aangewys deur die spanbestuur op 'n tyd soos in die reëls van die bepaalde kompetisie neergelê.
- 5.4.7.2 Indien 'n SA Ontwikkelingspan vir 'n kompetisies binne Suider Afrika gekies word, geld dieselfde prosedure soos hierbo, met dien verstande dat die Ontwikkelingskomitee die rol vervul wat hierbo aan die Advieskomitee toegesê is.
- 5.4.8 Prosedures by die kies van Suid Afrikaanse Spanne vir deelname aan die spankompetisie wat saamval met die Fauresmith 200
- 5.4.8.1 Met betrekking tot spankompetisies wat saamval met die Fauresmith 200 sal die span eers op die terrein van die rit gekies en bekend gemaak word.
- 5.4.8.1.1 Daar sal vir elke Fauresmith 200 'n junior/jong ruiterspan, 'n senior liggewigspan, 'n senior standaardgewigspan en 'n senior swaargewigspan gekies word. Die spanne sal teen internasionale spanne kompeteer, of, indien geen internasionale spanne vir die Fauresmith 200 ingeskryf het nie, teen Provinsiespanne in dieselfde ouderdoms- en gewigskategorie.
- 5.4.8.1.2 Die Algemene Bestuurder, in samewerking met die betrokke Spanbestuurder, moet alle tersaaklike inligting verwerk en 'n kortlys opstel (alle ruiters wat aan die neergelegde kortlysvoorwaardes voldoen moet op hierdie lys ingesluit word).
- 5.4.8.1.3 Die Spanbestuurders, in samewerking met die Algemene Bestuurder, moet:
- Seker maak (deur beskikbare statistiek na te gaan) dat alle ruiters en perde wat op die aanvanklike kortlys verskyn, aan al die vereistes voldoen soos in Artikel 5.8 uiteengesit.
 - Detail rakende al die ritte waaraan die ruiter en perd (elkeen afsonderlik) gedurende die periode wat begin met die vorige Fauresmith en eindig met die laaste rit waar ruiter/perdkombinasies vir die betrokke kortlys kon kwalifiseer, bekom.
- 5.4.8.1.4 Die kortlys moet nie later as drie weke voor die betrokke Fauresmith 200 na alle Provinsies versprei word. Provinsiebesture moet binne sewe dae:
- Die inligting verifieer. Waar ruiters weggelaat is, moet Provinsiebesture die name van die ruiters (met gepaardgaande

stawende dokumentasie) by die Algemene Bestuurder indien sodat die kortlys opgedateer kan word.

- Vasstel of die betrokke ruiter/perdkombinasies beskikbaar is vir die betrokke kompetisie en, indien nie, die Algemene Bestuurder dienoooreenkomstig inlig.

5.4.8.1.5 Die finale kortlys, tesame met die inligting rakende ritte waaraan deelgeneem was (kyk artikel 5.4.8.1.3 hierbo), word op die terrein van die rit aan die lede van die Keurkomitee versprei. Keurders moet die dokumentasie deeglik bestudeer. 'n Vergadering van die Keurkomitee vind plaas gedurende die naweek voor die rit, waartydens:

5.4.8.1.5.1 Elke ruiter deur die Keurkomitee ondervra sal word. Spesifieke aandag sal tydens die ondervraging gegee word aan:

- Tydperk (in maande) wat die ruiter en die perd (elkeen afsonderlik) reeds aan uithouritte deelneem.
- Afstand (kilometer) wat die ruiter en perd (elkeen afsonderlik) reeds in uithouritte voltooi het.
- Aantal Fauresmith 200 ritte wat die ruiter en die perd (elkeen afsonderlik) al voltooi het en by weggespring maar nie voltooi het nie.
- Aantal kere wat die ruiter al vir 'n Provinsiespan, sowel as SA span vir Fauresmith gekies was.

vir 'n

5.4.8.1.5.2 Elke ruiter sy perd aanbied. Die Raadsveearts, in samewerking 'n ander veearts(e) soos deur die Raadsveearts aangewys, sal elke perd ondersoek om te bepaal of die perd op daardie stadium voldoen aan die vereistes om aan die rit deel te neem. Die res van die keurkomitee moet teenwoordig wees ten tye van hierdie ondersoek om so self 'n opinie oor die toestand van die perde te vorm.

5.4.8.1.5.3 Nadat al die perde aangebied en al die ruiters ondervra is, vergader die keurkomitee in camera. Tydens die vergadering word alle ruiters en perde bespreek en word die finale span (met reserwes) saamgestel. Tydens hierdie gesprek kan die Keurkomitee ook die volgende addisionele faktore in aanmerking neem:

- Ruiter en perd se posisie op die nasionale (ERASA) ranglys.
- Sportmanskap en gedrag van die ruiter voor, tydens en na ritte. Hier kan slegs na aspekte gekyk word waarvoor stawende dokumente bestaan (soos, maar nie beperk tot, spanbestuurdersverslae, notules van dissiplinêre verhore waar die betrokke ruiter skuldig bevind is en verslae oor vorige oortredings van die gedragskode soos by hierdie hoofstuk aangeheg).

5.4.8.1.5.4 Die span word tydens 'n geskikte geleentheid (verkieslik reeds die Saterdagmiddag voor die betrokke rit) aangekondig.

5.5 KORTLYSVOORWAARDES: INTERNASIONALE KOMPETISIES WAAR NIE MET EIE PERDE DEELGENEEM WORD NIE

5.5.1 Minimum vereistes vir insluiting op die kortlys

5.5.1.1 Die ruiter MOET:

- 5.5.1.1.1 'n Suid Afrikaanse burger wees, en moet 'n afskrif van sy/haar Suid Afrikaanse paspoort (tydelike paspoort is ook aanvaarbaar) by die betrokke spanbestuurder indien VOORDAT hy/sy vir keuring oorweeg kan word.
- 5.5.1.1.2 'n Lid van ERASA wees.
- 5.5.1.1.3 Reeds 1000km suksesvol in erkende uithouritte voltooi het.
- 5.5.1.1.4 Voldoen aan die kwalifiseringskriteria vir die spesifieke kompetisie (indien enige).
- 5.5.1.1.5 Reeds minstens vier-en-twintig maande kompetierend aan uithouritte deelneem.

5.5.1.2 Die ruiters SAL nie oorweeg word nie indien:

- 5.5.1.2.1 Hy/sy gedurende die voorafgaande twaalf maande aan enige oortreding (anders dan die gebruik van verbode middels, kyk hieronder) van die Grondwet en Reëls van die ERASA skuldig bevind is; en
- 5.5.1.2.2 Hy/sy gedurende die voorafgaande twee jaar skuldig bevind was daaraan dat hy/sy 'n verbode middel(s) aan 'n perd toegedien het.

5.5.1.3 Ruiters wat deur die FEI as "Elite Athletes" geklassifiseer word (ingevolge die FEI reëls soos op daardie stadium van toepassing) sal outomaties in die kortlys ingesluit word, onder voorwaarde dat hul aan die vereistes in artikel 5.5.1.1.1 en 5.5.1.1.2 hierbo voldoen.

5.6 KORTLYSVOORWAARDES: INTERNASIONALE KOMPETISIES MET EIE PERDE BUIE SUIDER AFRIKA

5.6.1 Minimum vereistes vir insluiting op die kortlys.

5.6.1.1 Die ruiter MOET:

- 5.6.1.1.1 'n Suid Afrikaanse burger wees, en moet 'n afskrif van sy/haar Suid Afrikaanse paspoort (tydelike paspoort is ook aanvaarbaar) by die betrokke spanbestuurder indien VOORDAT hy/sy vir keuring oorweeg kan word.
- 5.6.1.1.2 'n Lid van die ERASA wees.
- 5.6.1.1.3 Reeds 1000km suksesvol in erkende uithouritte voltooi het.

- 5.6.1.1.4 Voldoen aan die kwalifiseringskriteria vir die spesifieke kompetisie (indien enige).
- 5.6.1.1.5 Reeds minstens vier-en-twintig maande kompetierend aan uithouritte deelneem.
- 5.6.1.2 Die ruiters SAL nie oorweeg word nie indien:
 - 5.6.1.2.1 Hy/sy gedurende die voorafgaande twaalf maande aan enige oortreding (anders dan die gebruik van verbode middels, kyk hieronder) van die Grondwet en Reëls van die ERASA skuldig bevind is; en
 - 5.6.1.2.2 Hy/sy gedurende die voorafgaande twee jaar skuldig bevind was daaraan dat hy/sy, as verantwoordelike persoon, 'n verbode middel(s) aan 'n perd toegedien het.
- 5.6.1.3 Die perd MOET:
 - 5.6.1.3.1 Reeds 750km suksesvol in erkende uithouritte voltooi het.
 - 5.6.1.3.2 Reeds minstens vier-en-twintig maande aan uithouritte deelneem (maar nie noodwendig in kombinasie met die betrokke ruiter nie).
 - 5.6.1.3.3 Voldoen aan die kwalifiseringskriteria vir die spesifieke kompetisie (indien enige).

5.7 KORTLYSVOORWAARDES: INTERNASIONALE KOMPETISIES MET EIE PERDE IN SUIDER AFRIKA

5.7.1 Minimum vereistes vir insluiting op die kortlys

- 5.7.1.1 Die ruiter MOET:
 - 5.7.1.1.1 'n Suid Afrikaanse burger wees, en moet 'n afskrif van sy/haar Suid Afrikaanse paspoort (tydelike paspoort is ook aanvaarbaar) by die betrokke spanbestuurder indien VOORDAT hy/sy vir keuring oorweeg kan word.
 - 5.7.1.1.2 'n Lid van die ERASA wees.
 - 5.7.1.1.3 Reeds 1000km suksesvol in erkende uithouritte voltooi het.
 - 5.7.1.1.4 Voldoen aan die kwalifiseringskriteria vir die spesifieke kompetisie (indien enige).
 - 5.7.1.1.5 Reeds minstens vier-en-twintig maande kompetierend aan uithouritte deelneem.
- 5.7.1.2 Die ruiters SAL nie oorweeg word nie indien:
 - 5.7.1.2.1 Hy/sy gedurende die voorafgaande twaalf maande aan enige oortreding (anders dan die gebruik van verbode middels, kyk hieronder) van die Grondwet en Reëls van die ERASA skuldig bevind is; en

- 5.7.1.2.2 Hy/sy gedurende die voorafgaande twee jaar skuldig bevind was daaraan dat hy/sy, as verantwoordelike persoon, 'n verbode middel(s) aan 'n perd toegedien het.
- 5.7.1.3 Die perd MOET:
- 5.7.1.3.1 Reeds 750km suksesvol in erkende uthouritte voltooi het.
- 5.7.1.3.2 Reeds minstens twaalf maande aan uthouritte deelneem (maar nie noodwendig in kombinasie met die betrokke ruiter nie).
- 5.7.1.3.3 Voldoen aan die kwalifiseringskriteria vir die spesifieke kompetisie (indien enige).
- 5.7.1.4 Die ruiter/perdkombinasie moes in die periode wat begin op 'n datum soos deur die Raad bepaal (maar nie langer as vyftien maande voor die betrokke kompetisie nie) en sal eindig op 'n datum soos deur die Raad bepaal (**maar nie langer as 60 dae (sestig dae)voor die betrokke kompetisie nie**):
- 5.7.1.4.1 Die toepaslike rit in dieselfde ouderdoms- en gewigskategorie by die voorafgaande Nasionale 120km Kampioenskap/SA Internasionale Uitdaging of 'n rit wat deur ERASA in die plek van een van hierdie kampioenskappe aangebied was en waaraan SA spanne deelgeneem het, teen 'n gemiddelde gekorrigeerde spoed van 22kmpu (vir juniors/jong ruiters, senior liggewigruiters en senior standaard-gewigruiters) of 20 kmpu (vir senior swaargewigruiters) of vinniger suksesvol voltooi het. Indien daar by 'n bepaalde Nasionale 120km Kampioenskap/SA Internasionale Uitdaging (of 'n rit wat deur ERASA in die plek daarvan aangebied was, en waaraan SA Spanne deelgeneem het) nie vir 'n aparte senior swaargewigskategorie voorsiening gemaak was nie, sal swaargewigte wat in die seniorkategorie deelgeneem het en wat die rit teen 'n gemiddelde gekorrigeerde spoed van 20 kmpu voltooi het, wel in aanmerking geneem word vir die kortlys vir 'n swaargewigspan. Dieselfde geld ipso facto vir liggewigruiters.
OF
- 5.7.1.4.2 Die toepaslike rit in dieselfde ouderdoms- en gewigskategorie by die voorafgaande Afrika Kampioenskappe, Namibië (of 'n rit wat in die plek van hierdie rit deur NERA aangebied was en waaraan SA spanne deelgeneem het) teen 'n gemiddelde gekorrigeerde spoed van 20kmpu (vir juniors/jong ruiters en senior standaardgewigruiters) of 18 kmpu (vir senior swaargewigruiters) of vinniger suksesvol voltooi het. Indien daar by 'n bepaalde Afrika Kampioenskappe (of 'n rit wat deur NERA in die plek daarvan aangebied was, en waaraan SA Spanne deelgeneem het) nie vir 'n aparte senior swaargewigskategorie voorsiening gemaak was nie, sal swaargewigte wat in die seniorkategorie deelgeneem het en wat die rit teen 'n gemiddelde gekorrigeerde spoed van 18 kmpu voltooi het, wel in aanmerking geneem word vir die kortlys vir 'n swaargewigspan. Dieselfde geld ipso facto vir liggewigruiters.
OF

- 5.7.1.4.3 Die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe (wat gedurende die periode soos hierbo omskryf plaasgevind het) in dieselfde ouderdoms- en gewigskategorie teen 'n gemiddelde gekorrigeerde spoed van 22kmpu (vir juniors/jong ruiters, senior liggewigruiters en senior standaardgewigruiters) of 20 kmpu (vir senior swaargewigruiters) of vinniger suksesvol voltooi het.
OF
- 5.7.1.4.4 Minstens twee toepaslike ritte binne of buite Suid Afrika in dieselfde ouderdoms- en gewigskategorie teen 'n gemiddelde gekorrigeerde spoed van 22kmpu (vir juniors/jong ruiters, senior liggewigruiters en senior standaardgewigruiters) of 20 kmpu (vir senior swaargewigruiters) of vinniger suksesvol voltooi het. Waar daar by 'n bepaalde rit nie vir 'n aparte senior swaargewigskategorie voorsiening gemaak was nie, sal swaargewigte wat in die seniorkategorie deelgeneem het en wat die rit teen 'n gemiddelde gekorrigeerde spoed van 20 kmpu voltooi het, wel in aanmerking geneem word vir die kortlys vir 'n swaargewigspan. Dieselfde geld ipso facto vir liggewigruiters.
- 5.7.1.4.5 Ruiters van Suid Afrika wat top tien eindig in of Fauresmith, SAIC, Walvis sal automaties op die kortlys, perder/ruiter kombinasie, verskyn.
- 5.7.1.5 Die ruiter/perdkombinasie moet in die periode wat begin op 'n datum **AGT maande** voor die betrokke kompetisie en sal eindig op 'n datum **TWEE maande** voor die betrokke kompetisie steeds aktief aan uithouritte deelneem.
- 5.7.1.6 Indien minder as twaalf ruiter/perdkombinasies die finale kortlys haal (inaggenome die beskikbaarheid van die ruiter/perdkombinasies wat aan die kriteria hierbo voldoen), kan die vereiste gekorrigeerde spoed in een (1) kilometer per uur inkremte verminder word tot twaalf kombinasies vir oorweging aan die keurkomitee voorgelê kan word.

5.7.1.7 Toepaslike ritte word soos volg gedefinieer:

Reeks	Tipe Kompetisie waaraan span gaan deelneem	Toepaslike rite
1	80km of korter in een dag*, of 80km of korter per dag oor opeenvolgende dae	Ritte van 80km in een dag*
2	100 km in een dag*	Ritte van 80km – 130km in een dag*
3	120 – 130 km in een dag*	Ritte van 120km of langer in een dag*
4	160 km in een dag*	Ritte van 160km of langer in een dag*
*Een dag – 'n Rit waar geen enkele houtyd langer as 120 minute is nie, en waar die totale lengte van alle houtye saam nie 300 minute oorskry nie.		

- 5.7.1.8 Waar daar enige vermoede bestaan dat die perd 'n besering opgedoen het wat sy deelname aan die betrokke kompetisie sou kon beïnvloed, kan die spanbestuurder

daarop aandrang dat die ruiter 'n geskiktheid-sertifikaat (uitgereik deur 'n veearts), moet indien. Koste hiervoor moet deur die ruiter gedra word.

5.8 KORTLYSVOORWAARDES VIR SPANKOMPETISIES WAT SAAMVAL MET DIE FAURESMITH 200

5.8.1 Minimum vereistes vir insluiting op die kortlys

5.8.1.1 Die ruiter MOET:

- 5.8.1.1.1 'n Suid Afrikaanse burger wees, en moet 'n afskrif van sy/haar Suid Afrikaanse paspoort (tydelike paspoort is ook aanvaarbaar) by die betrokke spanbestuurder indien VOORDAT hy/sy vir keuring oorweeg kan word.
- 5.8.1.1.2 'n Lid van die ERASA wees.
- 5.8.1.1.3 Reeds 1000km suksesvol in erkende uithouritte voltooi het.
- 5.8.1.1.4 Reeds minstens een Fauresmith 200 suksesvol voltooi het (maar nie noodwendig met dieselfde perd nie).
- 5.8.1.1.5 Reeds minstens vier-en-twintig maande kompetierend aan uithouritte deelneem.

5.8.1.2 Die ruiters SAL nie oorweeg word nie indien:

- 5.8.1.2.1 Hy/sy gedurende die voorafgaande twaalf maande aan enige oortreding (anders dan die gebruik van verbode middels, kyk hieronder) van die Grondwet en Reëls van die ERASA skuldig bevind is; en;
- 5.8.1.2.2 Hy/sy gedurende die voorafgaande twee jaar skuldig bevind was daaraan dat hy/sy, as verantwoordelike persoon, 'n verbode middel(s) aan 'n perd toegedien het.

5.8.1.3 Die perd MOET:

- 5.8.1.3.1 Reeds 750km suksesvol in erkende uithouritte voltooi het.
- 5.8.1.3.2 Reeds minstens twaalf maande aan uithouritte deelneem (maar nie noodwendig in kombinasie met die betrokke ruiter nie).
- 5.8.1.3.3 Reeds òf die Fauresmith 200, òf 'n meerdagkompetisie van minstens 80km per dag op twee agtereenvolgende dae, òf 'n rit van 120km (of langer) in een dag suksesvol voltooi het.
- 5.8.1.4 Die ruiter/perdkombinasie MOET
 - 5.8.1.4.1 Ten minste drie ritte van 80km of langer gedurende die periode wat begin direk na die vorige Fauresmith 200 en eindig op 31 Mei van die jaar waarin die betrokke spankompetisie gaan plaasvind, en wat oop was vir deelname deur alle lede van die ERASA, teen 'n gekorrigeerde spoed van 22 km per uur (vir junior/jong ruiters,

senior standaardgewig en senior liggewigruiters) of 20km per uur (vir senior swaargewigruiters) of vinniger suksesvol voltooi het.

OF

- 5.8.1.4.2 Die voorafgaande Fauresmith 200, sowel as ten minste twee ritte van 80km of langer gedurende die periode wat begin direk na die vorige Fauresmith 200 en eindig op 31 Mei van die jaar waarin die betrokke spankompetisie gaan plaasvind, en wat oop was vir deelname deur alle lede van die ERASA, teen 'n gekorrigeerde spoed van 22 km per uur (vir junior/jong ruiters, senior standaard-gewig en senior liggewigruiters) of 20km per uur (vir senior swaargewigruiters) of vinniger suksesvol voltooi het.
- 5.8.1.4.3 Suksesvoltooi twee ritte van 120km of langer gedurende die periode wat begin direk na die vorige Fauresmith 200 en eindig op 31 Mei van die jaar waarin die betrokke spankompetisie gaan plaasvind, en wat oop was vir deelname deur alle lede van die ERASA, teen 'n gekorrigeerde spoed van 22 km per uur (vir junior/jong ruiters, senior standaard-gewig en senior liggewigruiters) of 20km per uur (vir senior swaargewigruiters) of vinniger suksesvol voltooi het.
- 5.8.1.5 Indien minder as twaalf ruiters/perd-kombinasies die finale kortlys haal (inaggenome die beskikbaarheid van die ruiters/ perdkombinasie vir insluiting in die span), kan die vereiste gekorrigeerde spoed in een (1) kilometer per uur inkremte verminder word om so minstens twaalf kombinasies vir oorweging aan die keurkomitee voor te lê, maar dit mag nie met meer as twee (2) kmpu verminder word nie.
- 5.8.1.6 Enige perd wat (saam met sy ruiters) voldoen aan die vereistes soos hierbo uiteengesit, maar wat gedurende die twee maande wat die kompetisie waaraan die span gaan deelneem voorafgaan weens metaboliese redes (wat onmiddellike ingrypende behandeling vereis het voordat die perd deur die betrokke veteriniêre paneel toegelaat is om die terrein van die betrokke rit verlaat, en wat so in die veeartsverslag vir die betrokke rit aangedui is) by enige rit elimineer is, kan nie oorweeg word nie.

5.9 KORTLYSVOORWAARDES: SUID AFRIKAANSE ONTWIKKELINGSPANNE

- 5.9.1 Minimum vereistes vir insluiting op die kortlys. Die Raad sal, na gelang van die kompetisie waaraan deelgeneem gaan word, spesifieke voorwaardes neerlê. Onderstaande is algemene vereistes wat altyd van toepassing is op die kies van ontwikkelingspanne:

5.9.1.1 Die ruiters:

- 5.9.1.1.1 Moet 'n Suid Afrikaanse burger wees, en moet 'n bewys van burgerskap by die betrokke span-bestuurder indien VOORDAT hy/sy vir keuring oorweeg kan word.
- 5.9.1.1.2 Moet 'n lid van die ERASA wees.
- 5.9.1.1.3 Moet reeds 500km suksesvol in erkende uithouritte voltooi het.

- 5.9.1.1.4 Mag nog nie Nasionale Kleure verwerf het nie.
- 5.9.1.1.5 Reeds minstens twaalf maande kompetierend aan outhouritte deelneem.
- 5.9.1.1.6 Moet voldoen aan die kwalifiseringsvereistes van die betrokke kompetisie (indien enige).
- 5.9.1.1.7 Moes reeds minstens een toepaslike rit suksesvol voltooi het (maar nie noodwendig met dieselfde perd nie).

5.9.1.2 Die ruiters SAL nie oorweeg word nie indien:

- 5.9.1.2.1 Hy/sy gedurende die voorafgaande twaalf maande aan enige oortreding (anders dan die gebruik van verbode middels, kyk hieronder) van die Grondwet en Reëls van die ERASA skuldig bevind is; en
- 5.9.1.2.2 Hy/sy gedurende die voorafgaande twee jaar skuldig bevind was daaraan dat hy/sy, as verantwoordelike persoon, 'n verbode middel(s) aan 'n perd toegedien het.

5.9.1.3 Die perd MOET voldoen aan die kwalifiseringsvereistes van die betrokke kompetisie (indien enige).

5.9.1.4 Dieselfde beginsels sal verder geld soos vir die kies van ander Suid Afrikaanse spanne.

5.10 TOEKENNING EN DRA VAN SA NASIONALE KLEURE

- 5.10.1 Nasionale kleure word toegeken aan al die lede van 'n SA Nasionale Spangroep wat op die eerste been van 'n internasionale kompetisie wat aan die vereistes vir die toeken van SA Nasionale Kleure (soos neergelê in die SA Nasionale Kleureregulasies) voldoen, wegspring.
- 5.10.2 Nasionale kleure word ook toegeken aan die bestuurder en afrigter van 'n SA Nasionale Span by 'n internasionale kompetisie wat aan die vereistes soos hierbo genoem deelneem, en aan enige ander beampte soos deur die Suid Afrikaans Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASCOC) goedgekeur.
- 5.10.3 Toestemming om nasionale kleure toe te ken moet vooraf aangevra word. Aansoeke moet betyds deur die algemene bestuurder by die Suid Afrikaans Perdesportfederasie (wat namens alle perdesportdissiplines met die SASCOC skakel) ingedien word.
- 5.10.4 Toestemming om nasionale kleure te dra word deur SASCOC uitgereik. Die Raad oorhandig die toestemmingsbriewe aan al die lede wat daarvoor kwalifiseer, en oorhandig ook die sakwapen (vir gebruik op die kleurbaadjie) aan hierdie lede. Sakwapens moet vooraf aan spanlede oorhandig word sodat die span alle funksies in nasionale drag kan bywoon.
- 5.10.5 Nasionale kleurbaadjies moet gedra word in ooreenstemming met die regulasies soos deur SASCOC neergelê.

5.11 SUID AFRIKAANSE NASIONALE SPANKLEREDRAG

- 5.11.1 Dit is die verantwoordelikheid van die spanbestuurder van 'n SA Nasionale Span om spandrag vir die span te bekom en dit aan spanlede te oorhandig.
- 5.11.2 Hierdie spandrag moet voldoen aan die vereistes soos neergelê in die SA Nasionale Kleureregulasies, asook aan die voorskrifte van die Federation Equestre Internationale (FEI) en die organiseerders van die betrokke kompetisie. Die erkende SA Nasionale Kleure-embleem (Protea) moet op alle formele spandrag gebruik word.
- 5.11.3 Lede van 'n span, sowel as die spanbestuur, moet toepaslike spandrag dra tydens:
- 5.11.3.1 Voorrit veteriniêre ondersoeke
 - 5.11.3.2 Amptelike funksies (openings- en afsluitingseremonies, prysuitdelings en soortgelyk)
 - 5.11.3.3 Gedurende die rit self.
- 5.11.4 Kortbroeke en sandale is onaanvaarbaar en word nie toegelaat nie.

5.12 TOEKENNING EN DRA VAN FEDERASIEKLEURE

- 5.12.1 Federasiekleure word toegeken aan al die lede van 'n Federasiespangroep wat by 'n kompetisie soos deur die Raad goedgekeur op die eerste been van die rit wegspring.
- 5.12.2 Federasiekleure word ook toegeken aan die bestuurder en afrigter van Federasiespanne, en aan ander beamptes soos deur die Raad van die ERASA goedgekeur.
- 5.12.3 Toestemming om federasiekleure te dra word deur die Raad uitgereik. Die Raad oorhandig die toestemmingsbriewe aan al die lede wat daarvoor kwalifiseer, en oorhandig ook die sakwapen (vir gebruik op die kleurbaadjie) aan hierdie lede. Sakwapens moet vooraf aan spanlede oorhandig word sodat die span alle funksies in spandrag kan bywoon.
- 5.12.4 Die Federasie-kleurbaadjie word gedra met 'n beige langbroek, wit hemp en das. Dames mag (as alternatief tot die langbroek en das) 'n romp en serp dra.

5.13 FEDERASIESPANDRAG

- 5.13.1 Dit is die verantwoordelikheid van die spanbestuurder van 'n Federasiespan om spandrag vir die span te bekom en dit aan spanlede te oorhandig. Hierdie spandrag moet voldoen aan die vereistes soos hieronder uiteengesit.
- 5.13.1.1 Die hoofkleure van Federasiespandrag sal groen, geel en wit wees.
 - 5.13.1.2 Die Federasiespanwapen (soos goedgekeur deur die Raad) moet op alle formele spandrag aangebring word. Vir Junior/Jong Ruiterspanne moet die woord "Junior" onder die wapen aangebring word. Op baadjies en hemde (anders dan ryhemde) word die wapen op die linkerbors aangebring en op ryhemde op die linkerbors of linkermou.

- 5.13.1.3 Die borg se naam/embleem kan op die regterbors van baadjies en hemde (anders dan ryhemde) en op die regterbors of regtermou van ryhemde aangebring word. Hierdie naam/embleem mag nie groter wees as die federasiespanwapen nie.
- 5.13.1.4 Die woorde "Suid Afrika / South Africa" mag op die rug aangebring word, terwyl besonderhede van die betrokke kompetisie (bv. die plek en jaartal, of die vlak van die kompetisie) addisioneel onder die wapen aangebring mag word.
- 5.13.2 Lede van 'n span, sowel as die spanbestuur, moet toepaslike spandrag dra tydens:
 - 5.13.2.1 Voorrit veteriniere ondersoek
 - 5.13.2.2 Amptelike funksies (openings- en afsluitingseremonies, prysuitdelings en soortgelyk)
 - 5.13.2.3 Gedurende die rit self.
- 5.13.3 Kortbroeke en sandale is onaanvaarbaar en word nie toegelaat nie.

5.14 TOEKENNING EN DRA VAN SA ONTWIKKELINGSPANKLEURE

- 5.14.1 Ontwikkelingspankleure word toegeken aan elke lid van 'n Suid Afrikaanse ontwikkelingspangroep wat by 'n kompetisie soos deur die Raad goedgekeur op die eerste been van die rit wegspring.
- 5.14.2 SA Ontwikkelingspankleure word ook toegeken aan die bestuurder en afrigter van 'n SA Ontwikkelingspan, en aan ander beamptes soos deur die Raad van die ERASA bepaal.
- 5.14.3 Toestemming om SA Ontwikkelingspankleure te dra word deur die Raad uitgereik. Die Raad oorhandig die toestemmingsbriewe aan al die lede wat daarvoor kwalifiseer, en oorhandig ook die sakwapen (vir gebruik op die kleurbaadjie) aan hierdie lede. Sakwapens moet vooraf aan spanlede oorhandig word sodat die span alle funksies in spandrag kan bywoon.
- 5.14.4 Die Ontwikkelingspankleurbaadjie word gedra met 'n donkergrys of swart langbroek, wit hemp en das. Dames mag (as alternatief tot die langbroek en das) 'n romp en serp dra.

5.15 SA ONTWIKKELINGSPANDRAG

- 5.15.1 Dit is die verantwoordelikheid van die spanbestuurder van 'n Ontwikkelingspan om spandrag vir die span te bekom en dit aan spanlede te oorhandig. Hierdie spandrag moet voldoen aan die vereistes soos hieronder uiteengesit.
 - 5.15.1.1 Die hoofkleure van SA Ontwikkelingspandrag sal koningsblou, silwer en wit wees.
 - 5.15.1.2 Die SA Ontwikkelingspanwapen (soos goedgekeur deur die Raad) moet op alle formele spandrag aangebring word. Vir Junior/Jong Ruiterspanne moet die woord "Junior" onder die wapen aangebring word. Op baadjies en hemde (anders dan ryhemde) word die wapen op die linkerbors aangebring en op ryhemde op die linkerbors of linkermou.


- 5.15.1.3 Die borg se naam/embleem kan op die regterbors van baadjies en hemde (anders dan ryhemde) en op die regterbors of regtermou van ryhemde aangebring word. Hierdie naam/embleem mag nie groter wees as die ontwikkelingspanwapen nie.
- 5.15.1.4 Die woorde “Suid Afrika / South Africa” mag op die rug aangebring word, terwyl besonderhede van die betrokke kompetisie (bv. die plek en jaartal, of die vlak van die kompetisie) addisioneel onder die wapen aangebring mag word.
- 5.15.2 Lede van ’n span, sowel as die spanbestuur, moet toepaslike spandrag dra tydens:
 - 5.15.2.1 Voorrit veteriniere ondersoeke
 - 5.15.2.2 Amptelike funksies (openings- en afsluitingseremonies, prysuitdelings en soortgelyk)
 - 5.15.2.3 Gedurende die rit self.
- 5.11.4 Kortbroeke en sandale is onaanvaarbaar en word nie toegelaat nie.

5.16 GEDRAGSKODE

- 5.16.1 Dit word van alle lede van Suid Afrikaanse spanne (tesame met ’n wetlike voog, sou die spanlid jonger dan agttien (18) jaar oud wees) verwag om ’n ooreenkoms met ERASA aan te gaan (kyk Aanhangsel A).

AANHANGSEL A TOT HOOFSTUK 5

ERASA
 ENDURANCE RIDE ASSOCIATION
 OF SOUTH AFRICA
 Postnet Suite 241
 Private Bag X01
 BRANDHOF
 9324



ERASA
 UITHOURITVERENIGING
 VAN SUID AFRIKA
 TEL: (051) 4482428
 FAX: (051) 4484246
 E- MAIL: erasagm@telkomsa.net

RUITEROORENKOMS

NAAM VAN RUITER: _____

SPORTKODE: PERDESPORT (UITHOURITTE)

BYEENKOMS: _____

Jou insluiting as lid van die Suid Afrikaanse Uithouritspan* vir deelname aan bostaande ooreenkoms is onderhewig daaraan dat jy hierdie ooreenkoms met ERASA aangaan en al die terme en voorwaardes daarvan nakom.

Jy moet die ooreenkoms noukeurig nagaan sodat jy die bepalinge daarvan sowel as die nagevolge van die nie-nakoming of verbreking van enige van die terme van voorwaardes sal verstaan.

VOLTOOI ASSBELIEF, PARAFEEER ELKE BLADSY, TEKEN ONDERAAN EN STUUR DIE OORSPRONKLIKE DOKUMENT TERUG NA

Die Algemene Bestuurder
 Uithouritvereniging van Suid Afrika
 Posbus 9084
 Centurion
 0046

Nie later dan: _____

(Hou asseblief 'n afskrif van die getekende ooreenkoms vir jou eie rekords)

*Die term "Suid Afrikaanse Uithouritspan" of "Suid Afrikaanse span" of "span" regdeur hierdie ooreenkoms sal verstaan word om 'n Suid Afrikaanse Nasionale span, ERASA Federasiespan en Suid Afrikaanse Ontwikkelingspan in te sluit

RUITEROORENKOMS VIR DIE

.....
 (span)

VIR DIE

.....
 (byeenkoms)

Ek, die ondergetekende

 (Naam van Ruiter)

 (Woonadres)

(Hierna na verwys as die "ruiter")

Erken hiermee en stem daartoe in dat my insluiting as lid van die Suid Afrikaanse span (hierna na verwys as die "span") vir deelname aan bostaande ooreenkoms onderhewig is daaraan dat ek hierdie ooreenkoms met ERASA aangaan en al die terme en voorwaardes soos vervat in Bylae 1 hierby aangeheg sal nakom.

Onderteken te _____ op _____ 20_____

 RUITER

TOESTEMMING VAN VOOG

(Om voltooï te word indien die ruiter jonger is as 18 jaar)

Ek, _____ (volle name) die ondergetekende, synde die wettige voog van die ruiter, gee hiermee toestemming dat die ruiter hierdie ooreenkoms mag aangaan

Onderteken te _____ op _____ 20_____

 WETTIGE VOOG

AANVAARDING DEUR ERASA

Ons, die Uithouritvereniging van Suid Afrika (ERAS) erken hiermee en stem daartoe in dat die ruiter se insluiting in en voortgesette deelname as lid van die span onderhewig is daaraan dat die ruiter hierdie ooreenkoms met ons aangaan en al die terme en voorwaardes soos in Bylae 1 hiervan uiteengesit, sal nakom.

Onderteken te _____ op _____ 20_____

 NAMENS ERASA

BYLAE 1

TERME EN VOORWAARDES

1. TYDSDUUR

- 1.1 Hierdie ooreenkoms tree in werking op die datum waarop dit deur die laaste betrokke party onderteken word en sal van krag bly vir 30 dae na die laaste byeenkoms, of totdat enige dissiplinêre optrede wat voortvloei uit deelname aan die byeenkoms tot bevrediging van ERASA afgehandel is, tensy vroeër deur ERASA ingevolge die bepalinge hiervan beëindig.
- 1.2 Die periode waarna in 1.1 hierbo verwys word en die aktiwiteite wat hierin gedek word sal insluit, maar nie beperk wees nie tot, oefenkampe, spanbyeenkomste, die opening- en afsluitingseremonies (indien enige), die byeenkoms en alle terugverwelkomingsparades, - funksies en vieringe.

2. NIE INDIENSNEMING

Hierdie is nie 'n indiënsnemingsooreenkoms nie en die ruiters word nie deur die ondertekening hiervan 'n werknemer van ERASA nie.

3. GRONDWET VAN ERASA

- 3.1 Ooreenkomstig die vereistes van ERASA onderneem die Ruiters om hom aan die Grondwet van ERASA te onderwerp (insluitend, maar nie beperk tot, die reëls, regulasies en gedragskode wat ingevolge daarvan gepromulgeer is).
- 3.2 'n Afskrif van die ERASA Grondwet en Reëls is ter insae by die ERASA kantoor sowel as op die ERASA webwerf beskikbaar.

4. VOORRANG

- 4.1 Aangesien ERASA uitsluitlik verantwoordelik is vir die kies en akkreditasie van deelnemers uit Suid Afrika vir die byeenkoms stem die Ruiters daartoe in dat hierdie ooreenkoms voorrang het oor enige ander ooreenkoms wat die ruiters met sy/haar Provinsie of Klub het.
- 4.2 Die ruiters verklaar hiermee dat hy/sy nie onder enige kontraktuele of ander wetlike verpligting staan wat die uitvoering van al sy/haar verpligtinge onder hierdie ooreenkoms sal verhinder of belemmer nie.

5. INSLUITING VIR KEURING/DEELNAME

- 5.1 Die ruiter erken en stem daartoe in dat sy/haar keuse vir en voortgesette deelname in die span onderhewig is aan sy/haar voldoening aan ERASA se seleksiekriteria vir die betrokke span, en die ruiter verklaar dat hy ten volle aan hierdie kriteria voldoen het
- 5.2 Die ruiter waarborg hiermee dat hy/sy tans 'n geldige Suid Afrikaans paspoort het en dat, sou hy 'n geldige paspoort van 'n ander land ook hê, hy verkies het om onder die jurisdiksie van die Suid Afrikaanse Perdesportfederasie deel te neem (ingevolg Artikel 143 van die Algemene Regulasies van die Federation Equestre Internationale, waar van toepassing)

6. RUITERVOORDELE

Die ruiter erken en stem daartoe in dat hy/sy geen aanspraak het op vergoeding (hetsy monetêr of andersins) deur ERASA, of die reëlingskomitee van die byeenkoms, of die byeenkoms en/of die borge van die byeenkoms en/of die span ten opsigte van die uitvoering (deur hom/haar) van sy/haar verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms nie.

7. REIS NA EN VAN DIE BYEENKOMS

Die ruiter sal na en van die byeenkoms reis op die datums en die manier soos deur ERASA bepaal.

8. AKKOMMODASIE BY DIE BYEENKOMS

Die ruiter sal oorbly in akkommodasie soos deur die reëlingskomitee en/of spanbestuur goedgekeur, vir die volle tydperk en op die manier soos deur die reëlingskomitee en/of spanbestuur bepaal.

9. GEDRAG

9.1 Die ruiter moet:

- 9.1.1 Alle redelike instruksies van ERASA, die spanbestuur en enige ander persoon behoorlik deur hulle daartoe gemagtig, uitvoer en nakom.
- 9.1.2 Alle reëls van toepassing op sy/haar deelname aan die byeenkoms en sy/haar verblyf by die ooreenkoms uitvoer en nakom
- 9.1.3 Hom/haar so gedra dat hy/sy nie homself/haarself, ERASA, die Reëlingskomitee van die byeenkoms, die span of enige lid daarvan in diskrediet of onder sensuur sal plaas nie en verder tot volle bevrediging van ERASA en/of die spanbestuur
- 9.1.4 Nie enige openbare kritiek of verklaring wat 'n nadelige effek sal hê of gemik is daarop om 'n nadelige effek te hê op die belange van ERASA, die reëlingskomitee van die

byeenkoms, die span of enige lid daarvan maak, uitreik, magtig, aanbied of bekragtig nie.

- 9.1.5 Homself/haarself so gedra om so die beste moontlike vlak van fiksheid en gesondheid wat nodig is om sy pligte en verantwoordelikhede teenoor die span na te kom, te behaal en te handhaaf

10. KLEREDRAG

Die ruiter sal voldoen aan die kleredragvoorskrifte van die FEI en/of SA Perdesportfederasie en/of ERASA, insluitend maar nie beperk tot die dra van die voorgeskrewe spandrag (formele drag, oefendrag, paradedrag, ontspanningsdrag en kompetisiedrag) soos verskaf deur die spanbestuur en/of die borge en/of ERASA

11. MISBRUIK VAN MEDIKASIE

- 11.1 Die ruiter erken dat die huidige lys van klasse van medikasiemisbruik en misbruikmetodes van die Internasionale Olimpiese Komitee by die byeenkoms toegepas sal word.

- 11.2 Die ruiter stem daartoe in:

11.2.1 Om die bepalings teen medikasiemisbruik waarna in 11.1 hierbo verwys word uit te voer en na te kom

11.2.2. Om die ERASA reëls teen medikasiemisbruik uit te voer en na te kom;

11.2.3 Om enige ander regulasies rakende die toets vir en/of prosedures teen medikasiemisbruik wat vir die byeenkoms deur ERASA of die FEI of die Reëlingskomitee van die byeenkoms neergelê is/word uit te voer en na te kom

11.2.4 Om nie enige verbode middel of medikasie wat deur Suid Afrikaanse wetgewing of enige van bogenoemde reëls en regulasies as onwettig gelys is, te gebruik, poog om te gebruik, dit in besit te hê, poog om dit in besit te hê, te verhandel of poog om te verhandel nie

11.2.5 Om nie enige middel of medikasie wat nie skriftelik deur 'n geneesheer voorgeskryf of andersins skriftelik deur mediese personeel wat deur ERASA aangestel is gemagtig is, in sy/haar besit te hê of poog om dit in sy/haar besit te hê.

- 11.3 Die ruiter verklaar dat hy/sy ten tye van die ondertekening van hierdie ooreenkoms nie enige van die verbode middels soos hierbo na verwys gebruik het nie.

12. MEDIA

- 12.1 Die ruiter sal nie gedurende die tydsduur van hierdie ooreenkoms:

- 12.1.1 Betaal word of enige ander vergoeding (hetsy monetêr of andersins) ontvang vir onderhoude met die media nie
 - 12.1.2 Toelaat dat sy naam as outeur van enige artikel of kolom wat in die media verskyn, gebruik word nie
 - 12.1.3 'n Ooreenkoms aangaan of enige ooreenkoms, reëling of kontrak uitvoer ingevolge waarvan hy/sy eksklusiewe onderhoud(e) rakende ERASA, of die byeenkoms, of sy/haar deelname aan die byeenkoms, of die deelname van enige lid van die span, met enige element van die media sal voer nie.
- 12.2 Onderhewig aan die bepalinge van 12.1 hierbo sal die ruiter daarop geregtig wees om met die media te praat met betrekking tot sy/haar persoonlike prestasie, maar sal nie enige opmerking hoegenaamd rakende ERASA, die byeenkoms en/of die prestasie van enige lid van die span of enige deelnemer aan die byeenkoms, aan die media maak nie.

13. BORGE EN BEMARKING

- 13.1 Die ruiter sal vir die tydsduur van hierdie ooreenkoms
- 13.1.1 Homself/haarself geredelik beskikbaar maak om publisiteitsaktiwiteite wat deur die amptelike borge van die span (hierna verwys as die “borge”) gereël word, by te woon en die borge ook ander toepaslike blootstelling gee;
 - 13.1.2 Homself/haarself nie sonder vooraf skriftelike magtiging van ERASA op enige manier hoegenaamd verbind aan produkte en/of dienste in 'n veld soortgelyk aan of wat direkte mededinging is vir die produkte en /of dienste van die borge nie;
 - 13.1.3 Nie, sonder vooraf skriftelike magtiging van ERASA, op enige manier hoegenaamd deelneem aan enige promosie of ander aktiwiteite in verband met die byeenkoms, anders dan die wat deur ERASA en/of die borge gereël is nie.
 - 13.1.4 ERASA toelaat om sy/haar afbeelding en/of naam te gebruik om die span se deelname aan die byeenkoms te bevorder
 - 13.1.5 Die borge toelaat om sy/haar afbeelding en/of naam te gebruik vir promosie en/of bemarkingsaktiwiteite, onderhewig daaraan dat die gebruik van die ruiter se afbeelding en/of naam beperk is tot die feit dat hy/sy deel is van die span.
- 13.2 Die ruiter erken dat die beperkinge wat op hom/haar geplaas word ingevolge artikel 13.1 hierbo redelik is om daardeur ERASA se inkomste uit borgskappe te beskerm, welke inkomste noodsaaklik is vir beide die voorbereiding van die span en die span se deelname aan die byeenkoms.

13.3 Die ruiter stem daartoe in om ERASA van die name van al sy/haar borge te voorsien binne vyf dae na die ondertekening van hierdie ooreenkoms.

14. VERBREKING

14.1 Sou die ruiter enige van die bepalinge van hierdie ooreenkoms (wat almal as ewe belangrik geag word), mag ERASA volgens eie diskresie.

14.1.1 Die ruiter se deelname aan die span beëindig.

14.1.2 Vereis dat die ruiter die byeenkoms verlaat en na Suid Afrika/sy tuiste terugkeer

14.1.3 Die ruiter uitsluit van deelname aan die byeenkoms.

14.1.4 Dissiplinêre optrede begin; en/of

14.1.5 Die ruiter opdrag gee om alle voordele wat hy/sy ontvang het (insluitend die toeken van nasionale kleure of federasiekleure of SA ontwikkelingspankleure) terug te gee en/of terug te betaal.

15. BESERING/SIEKTE

15.1 Die ruiter verklaar dat hy op die datum van ondertekening van hierdie ooreenkoms nie aan enige siekte en/of besering lei nie en die ruiter onderneem om ERASA onmiddellik skriftelik in kennis te stel sou hy op 'n later stadium siek of beseer word.

15.2 ERASA kan die ruiter se deelname aan die span beëindig indien, volgens die mening van ERASA, die ruiter aan enige siekte of besering lei wat:

15.2.1 Die ruiter se moontlike prestasie by die byeenkoms kan benadeel, of

15.2.2 'n Bedreiging is vir die gesondheid van enige ander lid van die span of ander deelnemer aan die byeenkoms

15.3 Die ruiter onderneem om alles te doen wat redelikerwys noodsaaklik is om die vlak van gesondheid en fiksheid wat nodig is om kompetierend aan die byeenkoms deel te neem en om so die hoogste moontlike eer na te streef.

16. MEDIESE REKORDS EN TOETSING

16.1 Die ruiter magtig hiermee enige mediese praktisyn wat te enige tyd voor of gedurende die tydsduur van hierdie byeenkoms deur hom/haar gekonsulteer is om aan ERASA detail rakende enige siekte of besering waaraan die ruiter kon gelei het of enige voorafbestaande mediese toestand waaraan hy/sy kan lei bekend te maak. Die inligting word slegs benodig om die ruiter se mediese geskiktheid om na die beste van sy vermoë tydens die byeenkoms te presteer, of om enige moontlike risiko wat ander spanlede of deelnemers aan die byeenkoms daarvan sou weerhou om na die beste van hul vermoë, te presteer te bepaal.

16.2 Die ruiter stem daartoe in om enige mediese toetse wat redelikerwys deur ERASA vereis word te ondergaan, insluitend maar nie beperk nie tot die neem van bloed en/of urinemonsters vir ontleding (insluitend maar nie beperk nie tot die ontleding daarvan vir die gebruik van verbode middels).

17. VRYWARING

17.1 Die ruiter stem daartoe in dat ERASA onder geen omstandighede aan hom/haar aanspreeklik sal wees vir enige dood, besering, verlies of skade van hoegenaamd enige aard, wat voortspruit uit enige optrede of nie-optrede (hetsy nalatig of andersins) deur enige persoon wat betrokke is by die ruiter se deelname aan die span, sy/haar reis na en van die byeenkoms, sy/haar deelname aan die byeenkoms of enige dissiplinêre optrede wat deur ERASA teen hom/haar geneem word, nie.

17.2 Die ruiter stel ERASA vry van alle eise, regsprosedures en kostes wat hoegenaamd teen ERASA geneem of ingestel kan word na aanleiding van of voortspruitend uit enige dood, verlies, skade of besering waarna in 17.1 hierbo verwys word.

17.3 Vir doeleindes van hierdie klousule sal "ERASA" die volgende betekenis hê:

17.3.1 ERASA, sy lede en bestuursliggame.

17.3.2 Beamptes, afrigters, mediese praktisyns, sportwetenskaplikes, terapeute, veeartse en lede van die span.

17.3.3 Alle deelnemende organisasies, hul lede en hul uitvoerende rade.

17.3.4 Enige onafhanklike kontrakteur of vrywilliger wat dienste aan ERASA en/of die reëlingskomitee lewer.

18. WETGEWING

Hierdie ooreenkoms word beheer deur en vertolk ooreenkomstig wetgewing wat geld in die Republiek van Suid Afrika.

19. ALGEMEEN

19.1 Hierdie ooreenkoms is die enigste rekord van die ooreenkoms tussen die partye met betrekking tot die aspekte hierin gedek.

19.2 Geen byvoeging tot, verandering aan of ooreengekome kansellasië van hierdie ooreenkoms sal van krag wees tensy dit op skrif en deur of namens die partye onderteken is nie.

19.3 Geen verslapping of toegewing wat deur enige party aan 'n ander toegegee word sal as die afstanddoening van die regte van daardie party gesien word nie en sal nie daardie party

verhinder om enige regte wat in die verlede na vore gekom het of in die toekoms na vore mag kom uit te oefen nie.

- 19.4 Enige bepaling van hierdie ooreenkoms wat prestasie of nakoming vereis nadat hierdie ooreenkoms verstryk het, sal die beëindiging of verstryking van hierdie ooreenkoms oorleef en in volle krag en effek voorbestaan.
- 19.5 Die artikelopskrifte van hierdie ooreenkoms is gerieflikheidshalwe ingevoeg en sal nie in ag geneem word by die uitleg van hierdie ooreenkoms nie.